

NEHEMIA

Inleiding (sien Esra)

1

Nehemia se gebed en sending na Jerusalem

¹ Die woorde van Nehemia, seun van Gakalja.

Dit het gebeur in die maand •Kislef, in die twintigste regeringsjaar,^a toe ek in die vestingstad Susan^b was. ² Ganani, een van my broers,^{*} het daar aangekom, hy en manne uit Juda. Ek het hulle uitgevra oor die Judeërs wat ontkom het — die Judeërs wat die ballingskap oorleef het^{*} — en oor Jerusalem. ³ Hulle sê toe vir my: “Dié wat nog in die provinsie^c is en die ballingskap oorleef het, ervaar groot probleme en vernedering. Die muur van Jerusalem is afgebreek en sy stadspoorte is deur vuur verwoes.^{*}” ⁴ Toe ek hierdie woorde hoor, het ek gaan sit en huil; ek het dae lank getreur. Ek het aanhou vas en voor die God van die hemel gebid.

⁵ ^{**}Ek het gesê: “Ag, HERE, God van die hemel, groot en

^a**1:1 20ste regeringsjaar:** Dit verwys na die twintigste regeringsjaar van koning Artasasta; vgl Neh 2:1.

^b**1:1 vestingstad Susan:** Persië het vier belangrike hoofstede gehad, waarvan Susan een was. Die koning was gewoonlik in die drie lentemaande daar tuis; vgl Est 1:2; Dan 8:2.

^{*}**1:2 Ganani ... broers:** Neh 7:2

^{*}**1:2 Judeërs wat ontkom ... oorleef het:** Esra 2:1-70; Jes 10:20-22

^c**1:3 die provinsie:** Juda was 'n Persiese provinsie.

^{*}**1:3 Dié ... verwoes:** 2 Kron 36:13-19; Neh 2:13; vgl Klaagl 2:9

^{*}**1:5-11** Vgl Dan 9:4-19

^{*}**1:5** Deut 7:9,12

ontsagwekkende God, wat die verbond en trou handhaaf vir hulle wat Hom liefhet en sy gebooie nakom, ⁶ laat u oor asseblief aandagtig wees, en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u dienskneg wat ek vandag, * wat ek dag en nag voor U bid oor die Israeliete, u diensknegte, die gebed waarmee ek die sondes van die Israeliete bely wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig. ⁷ Ons het ons uiters sleg gedra teenoor U en nie die gebooie, vaste voorskrifte en bepalinge nagekom wat U u dienskneg Moses beveel het nie. ⁸ * Onthou asseblief die woord wat U u dienskneg Moses opgedra het, ‘As julle ontrou is, sal Ek julle verstrooi onder die volke, ⁹ maar as julle na My terugkeer en my gebooie nakom en dit uitvoer — selfs al is julle verstrooi tot aan die einde van die aarde^d — sal Ek julle daarvandaan bymekaarmaak en na die plek bring wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.**’

¹⁰ * Hulle is tog u dienaars en u volk wat U deur u groot mag en met u sterk hand bevry het. ¹¹ Ag my Heer, laat u oor asseblief aandagtig gerig wees op die gebed van u dienskneg en op die gebed van u diensknegte, wat vreugde daarin vind om ontsag vir u Naam te hê. Laat u dienskneg asseblief vandag slaag, en gee dat daar vir hom barmhartigheid sal wees by hierdie man.^e”

Ek was in daardie tyd die koning se skinker.*

* **1:6 laat ... vandag:** 2 Kron 6:40

* **1:8-9** Lev 26:33; Deut 4:27,29-31; 28:64; 30:1-5; Dan 9:7

^d**1:9 einde ... aarde:** Die •bronteks lui “einde van die hemel”.

* **1:9 selfs ... woon:** Deut 30:4

* **1:9 die plek ... woon:** Deut 12:5

* **1:10** Deut 9:29

^e**1:11 hierdie man:** Dit verwys na koning Artasasta.

* **1:11 die koning se skinker:** Neh 2:1

2

¹ In die maand •Nisan, in die twintigste regeeringsjaar van koning Artasasta,^f het die wyn gereedgestaan voor hom. Ek het die wyn geneem en vir die koning aangebied.* Ek was gewoonlik nie treurig voor hom nie. ² Die koning vra toe vir my: “Waarom is jou gesig so somber? Jy is tog nie siek nie. Dit kan niks anders as 'n treurige hart wees nie.”*

Ek het baie bang geword ³ en vir die koning gesê: “Mag die koning vir ewig lewe! Waarom sou my gesig nie somber wees wanneer die stad, die plek van my voorouers se grafte, vervalte lê en sy poorte deur vuur verteer is nie?” ⁴ Toe vra die koning vir my: “Wat is dit wat jy wil hê?” Ek het tot die God van die hemel gebid ⁵ en vir die koning gesê: “As die koning dit goetvind, en as u dienaar by u aanvaarding vind, moet u my na Juda stuur, na die stad van my voorouers se grafte, sodat ek dit kan herbou.” ⁶ Die koning, met die koningin wat langs hom sit, het vir my gevra: “Hoe lank sal jou reis duur, en wanneer kom jy terug?”

Die koning het dit goetgevind en my laat gaan. Ek het vir hom 'n bepaalde tyd gegee* ⁷ en vir die koning gesê: “As dit die koning geval, kan daar briewe aan my gegee word, gerig aan die streeksgoewerneys anderkant die Rivier,^g sodat ek ongehinderd kan deurtrek totdat ek in

^f**2:1 20ste ... Artasasta:** Waarskynlik die Persiese koning Artaxerxes I Longimanus, 464-424 vC. Hy was die tweede seun en opvolger van Xerxes (Ahasveros); vgl Esra 7:1,8; Neh 1:1.

***2:1 Ek het ... aangebied:** Neh 1:11

***2:1-2 Ek was ... wees nie:** Spr 15:13

***2:3 die stad ... is nie:** 2 Kron 36:13-19; Neh 2:13; vgl Klaagl 2:9

***2:6 Ek ... gegee:** Neh 5:14; 13:6

^g**2:7 die Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

***2:7 briewe ... Rivier:** Vgl Esra 4:9-10

Juda aankom; ⁸ ook 'n brief aan Asaf, die opsigter by die koning se bos, dat hy hout vir my moet gee om as balke te gebruik vir die poorte van die vesting by die tempel, vir die stadsmuur en vir die huis waarin ek sal tuisgaan.”

Die koning het die briewe vir my gegee, omdat die goeie hand van my God oor my was. ⁹ Ek het by die streeksgoewerneys oorkant die Rivier aangekom en vir hulle die briewe van die koning gegee. Die koning het saam met my ook die bevelvoerders van die leër en 'n ruitery gestuur. ^{*} ¹⁰ Toe Sanballat^h uit Goron, en Tobija, die Ammonitiese^{*} amptenaar, dit hoor, het dit hulle baie sleg getref dat iemand gekom het om die Israeliete se welstand te bevorder.

¹¹ Ek het by Jerusalem aangekom, en toe ek drie dae lank daar was, ¹² het ek in die nag gereedgemaak, ek en 'n paar manne saam met my. Ek het egter niemand ingelig oor wat my God my op die hart gelê het om vir Jerusalem te doen nie. Daar was nie 'n dier by my nie, behalwe die dier waarop ek gery het. ¹³ Ek het in die nag deur die Dalpoort^{*} uitgegaan, by die Jakkalsfonteinⁱ langs na die Ashooppoort.^{*} Ek het die muur van Jerusalem wat afgebreek was en die poorte wat deur vuur verteer was, nagegaan. ¹⁴ Toe het ek oorgegaan na die Fonteinpoort,^{*} na die koning se dam, maar daar was nie 'n plek waar my rydier kon deurgaen nie. ¹⁵ Ek het toe in die nag met die dal^j langs opgegaan en die muur nagegaan, waarna ek teruggekeer en weer by die Dalpoort

^{*}2:9 Die koning ... gestuur: Vgl Esra 8:22

^h2:10 Sanballat: Goewerneur van die provinsie Samaria.

^{*}2:10 Ammonitiese: Gen 19:36,38

^{*}2:13 Dalpoort: Neh 3:13

ⁱ2:13 Jakkalsfontein: Word ook vertaal “Slangfontein” of “Draakfontein”.

^{*}2:13 Ashooppoort: Neh 3:13; 12:31

^{*}2:14 Fonteinpoort: Neh 3:15; 12:37

^j2:15 die dal: Kidron; vgl 1 Kon 2:37; 15:13; 2 Kon 23:6; Joh 18:1.

ingegaan het. ¹⁶ Die gesagsdraers het nie geweet waarheen ek gegaan het en wat ek besig was om te doen nie. Die Judeërs, die priesters, die hoëlui,^k die leiers en die res wat die werk moes doen, het ek tot op daardie stadium nie ingelig nie.

¹⁷ Toe sê ek vir hulle: “Julle sien die moeilikheid waarin ons verkeer, dat Jerusalem vervalte lê en dat haar poorte deur vuur verwoes is. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, sodat ons nie langer 'n bespotting is nie.” ¹⁸ Ek lig hulle toe in dat die hand van my God goed was oor my, en verder ook oor die woorde van die koning wat hy vir my gesê het. Hulle het gesê: “Ons sal gereedmaak en herbou.” En hulle hande het gereedgestaan vir die goeie werk.

¹⁹ Maar toe Sanballat uit Goron, Tobija, die Ammonitiese amptenaar, en Gesem, die Arabier, dit hoor, het hulle met ons die spot gedryf en ons veragtend aangespreek: “Wat is hierdie saak waarmee julle besig is? Wil julle in opstand kom teen die koning?” ²⁰ Ek het hulle toe geantwoord. Ek het vir hulle gesê: “Die God van die hemel, Hy sal ons sukses laat behaal. Ons, sy diensknegte, sal gereedmaak en herbou. Maar julle het geen deel aan, geen reg op, of geen nalatenskap in Jerusalem nie.”

3

Herbou van Jerusalem se mure en poorte

¹ *Eljasib, die hoëpriester* en sy ampsgenote, die priesters, het gereedgemaak en die Skaappoort* herbou. Hulle het dit self geheilig en

^k2:16 hoëlui: Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

*2:17 sodat ... is nie: Ps 44:14; 79:4; Jer 24:9; Eseg 5:14; 22:4;

*3:1-32 Jes 58:12

*3:1 Eljasib, die hoëpriester: Neh 13:28

*3:1 Skaappoort: Neh 12:39; Joh 5:2

die poortdeure ingesit. Tot by die Toring van die Honderd* het hulle dit geheilig, ook tot by die Toring van Gananel.*

² Langs hulle het die manne van Jerigo* gebou.

Langs hulle het Sakkur, seun van Imri, gebou.

³ Die Vispoort* is deur die seuns van Hassenä herbou. Hulle het die balke gelê en die poortdeure, sokgrendels^l en sluitbalke ingesit.

⁴ Langs hulle het Meremot,* seun van Urija, seun van Kos, herstelwerk gedoen.

Langs hulle het Mesullam, seun van Berekja, seun van Mesesabel, herstelwerk gedoen.

Langs hulle het Sadok, seun van Baäna, herstelwerk gedoen.

⁵ Langs hulle het mense van Tekoa^m herstelwerk gedoen, maar die vernames onder hulle het nie hulle nekke onder die jukⁿ van hulle Heer se werk gesit nie.

⁶ Die Jesanapoort^o het Jojada, seun van Paseag, en Mesullam, seun van Basodja, herstel. Hulle het die balke gelê en die poortdeure, sokgrendels en sluitbalke ingesit.

⁷ Langs hulle het Melatja, uit Gibeon, en Jadon, uit Meronot,

***3:1 Toring ... Honderd:** Neh 12:39

***3:1 Toring van Gananel:** Neh 12:39; Jer 31:38; Sag 14:10

***3:2 manne van Jerigo:** Esra 2:34

***3:3 Vispoort:** 2 Kron 33:14; Neh 12:39; Sef 1:10

^l**3:3 sokgrendels:** Die houers waarin die sluitbalke rus.

***3:4 Meremot:** Esra 8:33

^m**3:5 Tekoa:** Tekoa, 15 km suid van Jerusalem, was die tuiste van die profeet Amos.

ⁿ**3:5 onder die juk:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^o**3:6 Jesanapoort:** Word ook vertaal “Oupoort”. “Jesana” is die vroulike vorm van ‘oud’; vgl Neh 12:39.

- herstelwerk gedoen. Die manne van Gibeon en Mispa^p het behoort tot die ampsgebied van die streekgoewerneur wes van die Rivier.^q
- ⁸ Langs hulle het Ussiël, seun van Garhaja, 'n lid van die goudsmede, herstelwerk gedoen.
- Langs hom het Gananja, 'n lid van die salfmengers, herstelwerk gedoen. Hulle het Jerusalem opgeknap tot by die breë muur.*
- ⁹ Langs hulle het Refaja, seun van Gur, die bevelvoerder van die helfte van die Jerusalem-distrik, herstelwerk gedoen.
- ¹⁰ Langs hulle het Jedaja, seun van Garumaf, reg voor sy huis die herstelwerk gedoen.
- Langs hom het Gattus, seun van Gasabneja, herstelwerk gedoen.
- ¹¹ 'n Tweede afgemete deel, het Malkija, seun van Garim, en Gassub, seun van Pagat-Moab, herstel, en ook die Toring van die Oonde.*
- ¹² Langs hulle het Sallum, seun van Halloges, die bevelvoerder van die ander helfte van die Jerusalem-distrik, herstelwerk gedoen, hy en sy dogters.
- ¹³ Die Dalpoort* is deur Ganun en die inwoners van Sanoag herstel. Hulle het dit self herbou, die deure, sokgrendels en sluitbalke ingesit, en ook duisend el^r van die stadsmuur herstel, tot by die Ashooppoort.*
- ¹⁴ Die Ashooppoort is deur Malkija, seun van Rekab, bevelvoerder van

^p**3:7 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

^q**3:7 behoort ... Rivier:** Letterlik 'was van die troon van die goewerneur oorkant die Rivier'.

***3:8 breë muur:** Neh 12:38

***3:11 Toring van die Oonde:** Neh 12:38

***3:13 Dalpoort:** Neh 2:13

^r**3:13 1 000 el:** Ongeveer 450 m; •Lengtemate.

***3:13 Ashooppoort:** Neh 2:13; 12:31

die Bet-Kerem-distrik, herstel. Hy het dit self herbou en die deure, sokgrendels en sluitbalke ingesit.

¹⁵ Die Fonteinpoort* is deur Sallun, seun van Kol-Gose, die bevelvoerder van die Mispa-distrik, herstel. Hy het dit self herbou, die dak opgesit en die deure, sokgrendels en sluitbalke ingesit; so ook die stadsmuur by die dam van die waterkanaal wat na die koningstuin* loop, tot by die trappe wat afgaan vanaf die Stad van Dawid.*

¹⁶ Daar langs hom het Nehemia, seun van Asbuk, bevelvoerder van die helfte van die Bet-Sur-distrik, herstelwerk gedoen tot regoor die grafkelder van Dawid,* en ook verder tot by die geboude dam* en die Huis van die Helde.

¹⁷ Daar langs hom het die Leviete onder Regum, seun van Bani, herstelwerk gedoen.

Langs hom het Gasabja, die bevelvoerder van die helfte van die Keïla-distrik herstelwerk namens sy distrik gedoen.

¹⁸ Daar langs hom het hulle stamgenote onder Binnui,^s seun van Genadad, die bevelvoerder van die ander helfte van die Keïla-distrik, herstelwerk gedoen.

¹⁹ Langs hom het Eser, seun van Jesua, die bevelvoerder van Mispa, herstelwerk gedoen aan 'n tweede afgemete deel teenoor die opdraande na die wapenhuis, by die hoek.^t

***3:15 Fonteinpoort:** Neh 2:14; 12:37

***3:15 die koningstuin:** 2 Kon 25:4

***3:15 Stad van Dawid:** 2 Sam 5:7,9

***3:16 grafkelder van Dawid:** 1 Kon 2:10; Hand 2:29

***3:16 geboude dam:** 2 Kon 20:20; Jes 22:11

^s**3:18 Binnui:** Twee Hebreeuse manuskripte en die •Peshitta word hier gevolg; vgl Neh 3:24. Die bronteks lui “Bawwaj”.

^t**3:19 hoek:** Die oostelike deel van die stadsmuur het twee skerp hoeke gevorm; vgl Neh 3:24.

²⁰ Daar langsaaan het Barug, seun van Sabbai, 'n tweede afgemete deel ywerig herstel, vanaf die hoek tot by die ingang na die huis van Eljasib, die hoëpriester.

²¹ Daar langsaaan het Meremot, seun van Urija, seun van Kos, 'n tweede afgemete deel herstel, van die ingang na die huis van Eljasib tot by die einde van die huis van Eljasib.

²² Daar langsaaan het die priesters, manne uit die onmiddellike omgewing,^u herstelwerk gedoen.

²³ Daar langsaaan het Benjamin en Gassub herstelwerk gedoen, reg voor hulle huis.

Daar langsaaan het Asarja, seun van Maäseja, seun van Ananja, langs sy huis herstelwerk gedoen.

²⁴ Daar langsaaan het Binnui, seun van Genadad, 'n tweede afgemete deel herstel, vanaf die huis van Asarja tot by die hoek en tot by die draai van die stadsmuur.^v

²⁵ Palal, seun van Usai, was aan die bou teenoor die hoek en die boonste toring wat bo die paleis van die koning uittroon, by die binnehof van die paleiswag.

Daar langsaaan was dit Pedaja, seun van Paros.

²⁶ Die tempeldienaars het op die Ofel^w gewoon;^{*} hulle was besig tot regoor die Waterpoort aan die oostekant en die toring wat daar uittroon.

^u**3:22 onmiddellike omgewing:** Letterlik 'die sirkel'. Die woord word ook gebruik om na die Jordaanvallei te verwys.

^v**3:24 van die stadsmuur:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^w**3:26 Ofel:** Die naam van die gebied in Jerusalem waar die •tempel en paleiskompleks voorheen gebou was.

^{*}**3:26 tempeldienaars ... gewoon:** Neh 11:21

²⁷ Daar langsaan het die mense van Tekoa 'n tweede afgemete deel herstel, regoor die groot toring wat uittroon en verder tot by die muur van die Ofel.

²⁸ Bo die Perdepoort* het die priesters herstelwerk gedoen — elkeen regoor sy huis.

²⁹ Daar langsaan het Sadok, seun van Immer, herstelwerk gedoen voor sy huis.

Daar langsaan het Semaja, seun van Sekanja, die wag by die Oospoort, herstelwerk gedoen.

³⁰ Daar langsaan het Gananja, seun van Selemja, en Ganun, die sesde seun van Salaf, 'n tweede afgemete deel herstel.

Daar langsaan het Mesullam, seun van Berekja, herstelwerk gedoen regoor sy kamer.

³¹ Daar langsaan het Malkija, 'n lid van die goudsmede, herstelwerk gedoen tot by die huis van die tempeldienaars en die handelaars, regoor die Poort vir die Monstering, tot by die bovertrek van die draai van die stadsmuur.

³² Tussen die bovertrek van die draai en die Skaappoort het die goudsmede en handelaars herstelwerk gedoen.

4

Teenstand teen die bouwerk

¹ ^xToe Sanballat^y hoor dat ons besig was om die muur te herbou, was hy woedend. Hy was briesend kwaad en het die spot gedryf met die Judeërs. ² Hy het toe in die teenwoordigheid van sy stamgenote en die

***3:28 Perdepoort:** 2 Kron 23:15; Jer 31:40

^x**4:1-23** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Neh 3:33 — 4:17.

^y**4:1 Sanballat:** Goewerneur van die provinsie Samaria; vgl Neh 2:10,19.

leër van Samaria^z gepraat en gesê: “Wat is die miserabele Judeërs besig om te doen? Knap hulle die plek vir hulle op? Gaan hulle offers slag? Gaan hulle dit vandag afhandel? Wil hulle die klippe uit die hope rommel weer gebruik terwyl dit verkool is?” ³ Tobija,^{*} die Ammoniet, was langs hom. Hy sê toe: “Wat hulle ook al herbou, as 'n jakkals daarteen opspring, maak hy 'n gat in hulle klipmuur.”

⁴ *Hoor tog, ons God, want ons het veragtelik geword. Keer hulle gespot om op hulle eie koppe, en gee hulle as buit oor in 'n land van gevangenskap. ⁵ U moet nie hulle sondeskuld bedek nie, en hulle sondes moet nie voor U weggee word nie, want hulle het U^a voor die bouers uitgetart.

⁶ Ons het die stadsmuur opgebou. Die dele van die hele muur is saamgevoeg tot op die helfte van sy hoogte. Die volk se hart was in hulle werk.

⁷ Toe Sanballat, Tobija, die Arabiere, Ammoniete en mense van Asdod hoor dat die herstelwerk aan die mure om Jerusalem vorder, dat die bresse begin toegaan, het hulle baie kwaad geword. ⁸ Hulle het almal as 'n eenheid saamgesweer om teen Jerusalem te kom veg, en by my^b verwarring te veroorsaak. ⁹ Ons het tot ons God gebid en dag en nag 'n wag teen hulle uitgesit.

¹⁰ Juda het gesê:

“Die krag van die draers gee in,
die puin is te veel.

^z4:2 Samaria: Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

^{*} 4:3 Tobija: Neh 2:10,19

^{*} 4:4-5 Neh 6:14; Ps 19:12; 123:3-4

^a4:5 U: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^b4:8 by my: 'n Ms van die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “by hom”.

Ons alleen is nie in staat
om die muur te herbou nie.”

¹¹ Ons teenstanders het gesê: “Hulle sal nie weet nie, dit nie eers agterkom nie, totdat ons tussen hulle inbeweeg, hulle doodmaak en 'n einde aan die werk maak.” ¹² Wanneer die Judeërs, wat langs hulle gewoon het, by ons kom, het hulle seker tien keer van oral oor vir ons gesê: “Julle moet na ons toe terugkom.”^c

¹³ Ek het toe by dié dele wat laer was as die ooreenstemmende plekke agter die muur, by die dele wat blootgestel was, wagte uitgesit.^d Ek het die manskappe volgens familiegroepe opgestel, met hulle swaarde, steekspiese en boë. ¹⁴ Ek het sake deurgekyk, toe opgestaan en vir die hoëlui,^e die gesagsdraers en die res van die volk gesê: “Julle moenie bang wees vir hulle nie. Dink aan die groot en ontsagwekkende Heer! Veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vroue en julle huise.”

¹⁵ Ons vyande het gehoor dat hulle plan aan ons bekend is.^{*} God het hulle plan verydel, en ons kon almal teruggegaan na die muur, elkeen na sy werk. ¹⁶ Van daardie dag af het die helfte van my jong manne met die werk aangegaan, en die ander helfte het die steekspiese, kleinskilde, boë en harnasse gereed gehou. Die bevelvoerders was opgestel agter die hele huis van Juda ¹⁷ wat besig was om die muur te bou. Dié wat die vragte moes dra, het met een hand gedra, en met die ander hand die

^c**4:12 seker ... terugkom:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Sommige vertalings wysig die bronteks.

^d**4:13 Ek ... uitgesit:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Met geringe wysiging van die teks kan dit vertaal word as “Ek het manne met steekspiese opgestel op plekke agter die muur in die ooptes.”

^e**4:14 hoëlui:** Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

^{*}**4:15 Ons ... bekend is:** Neh 2:10

wapen vasgehou terwyl hulle besig was met die werk. ¹⁸ Elke bouer het gebou met sy swaard aan sy heupe vasge Gord. Die een wat die ramshoring blaas, was langs my.

¹⁹ Ek sê toe vir die hoë lui, die gesagsdraers en die res van die manskappe: “Die werk is baie en verspreid, en ons is uitgesprei op die muur, elkeen ver van sy volksgenote. ²⁰ Op enige plek waar julle die geluid van die ramshoring hoor, daar moet julle by ons aansluit. Ons God sal vir ons veg.*”

²¹ So was ons besig met die werk, terwyl die helfte van die manne steekspiese gereedhou: vandat die rooidag gebreek het, totdat die sterre verskyn. ²² Dit was ook in hierdie tyd dat ek vir die manskappe gesê het: “Elkeen moet met sy jong manne in Jerusalem oornag, sodat hulle vir ons snags as wagte kan optree en bedags by die werk kan wees.” ²³ Nie ek of my volksgenote of my jong manne of die manne wat by my op wag was — nie een van ons het eers sy klere uitgetrek nie, elkeen steeds met sy wapen by sy regterhand.^f

5

Onreg in Jerusalem

¹ Daar het 'n groot noodkreet onder die volk opgeklink, ook onder hulle vroue, gerig teen hulle Judese volksgenote. ² Daar was dié wat gesê het: “Saam met ons seuns en ons dogters is ons baie; ons moet koring kry, sodat ons kan eet en aan die lewe bly.” ³ Dan was daar dié wat gesê het: “Ons landerye, ons wingerde en ons huise moes ons verpand, sodat ons koring kon koop in die hongersnood.” ⁴ Ander weer

* **4:20 Ons ... veg:** Eks 14:14,25; Deut 1:30; 3:22

^f**4:23 elkeen ... regterhand:** Die bronteks lui “elkeen met sy wapen die water”. Sommige vertaal dit “elkeen met sy wapen en water”.

het gesê: “Ons het geld geleen teen ons landerye en wingerde vir die belasting aan die koning.* ⁵ *Daarom dan, ons is dieselfde vlees en bloed as ons volksgenote, en ons kinders is soos hulle kinders; maar kyk, ons moes ons seuns en dogters aan slawerny onderwerp. Daar is van ons dogters wat verneder is, maar ons hande was afgekap. Ons landerye en wingerde behoort aan ander.”

⁶ Ek was baie kwaad toe ek hulle noodkreet en hierdie woorde hoor.

⁷ Ek het in my hart daarvoor nagedink,⁸ en toe die hoëlui^h en gesagsdraers verwyt en vir hulle gesê: “Elkeen van julle leen sowaar teen woekerrente aan sy volksgenoot.*” Ek het toe 'n groot byeenkoms teen hulle saamgeroep ⁸ en vir hulle gesê: “Ons het self ons volksgenote, die Judeërs, wat aan die nasies verkoop was, na ons vermoë teruggekoop, maar julle verkoop ook julle volksgenote, sodat hulle aan ons verkoop moet word.”* Hulle was doodstil en kon nie 'n antwoord vind nie.

⁹ Verder het ek gesê: “Wat julle doen, is nie goed nie. Moet julle nie met ontsag vir ons God optree om die gespot van die nasies, ons vyande, te vermy nie?* ¹⁰ Ook ek, my broers en my werkers het aan volksgenote geld en koring geleen. Laat ons maar hierdie woekerrente kwytskeld. ¹¹ Gee tog vandag nog hulle landerye, wingerde, olyfboorde en huise aan hulle terug, en ook die rente opⁱ die geld, koring, nuwe wyn en olyfolie wat julle aan hulle geleen het.” ¹² Daarop het hulle gesê:

***5:4 belasting ... koning:** Esra 4:3,20

***5:5** Eks 21:7; Lev 25:39

⁸**5:7 Ek het in ... nagedink:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “my hart het met my te rade gegaan”.

^h**5:7 hoëlui:** Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

***5:7 leen ... volksgenoot:** Eks 22:25; Deut 23:19

***5:8 Ons het ... word:** Lev 25:48-49; vgl 2 Kon 4:1

***5:9 Moet ... vermy nie:** Neh 4:4; 1 Pet 2:12

ⁱ**5:11 die rente op:** Dit is 'n voorgestelde lesing. Die •bronteks lui “honderd op”.

“Ons sal dit teruggee en van hulle niks eis nie. Ons sal presies maak soos jy gesê het.” Ek het toe die priesters ontbied en daardie mense 'n eed laat aflê om ooreenkomstig hierdie onderneming op te tree.* ¹³ Ek het ook die vou van my kleed^j uitgeskud en gesê: “Net so sal God elke man uitskud wat nie hierdie woord gestand doen nie — uit sy huis en uit sy besittings. Mag hy so uitgeskud en leeg wees.” Die hele byeenkoms het gesê “Amen!” en hulle het die HERE geloof.* Die volk het woord gehou.

Toewyding van Nehemia

¹⁴ Boonop het ek en my broers, vanaf die dag dat ek aangestel is om as hulle streeksgoewerneur^k in die land Juda op te tree, van die twintigste regeringsjaar van Artasasta,^l die koning,* tot die twee-en-dertigste jaar* — twaalf jaar lank — nie die voedsel wat goewerneurs toekom, geëet nie.* ¹⁵ Maar die eerste streeksgoewerneurs wat voor my daar was, het swaar laste op die volk gelê. Hulle het brood en wyn van hulle geneem, en daarna ook nog veertig sikkel^m silwer. Selfs hulle werkers het oor die volk geheers. Maar ek, ek het uit ontsag vir God nie so opgetree nie.

¹⁶ Ook die werk aan hierdie stadsmuur het ek met toewyding gedoen.

* **5:12 die priesters ... tree:** Esra 10:5

^j**5:13 vou ... kleed:** Dit verwys na die vou van die klere voor die bors wat as 'n sak kon dien.

* **5:13 Die hele ... geloof:** Ps 106:48; vgl Deut 27:15; 1 Kron 16:36

^k**5:14 streeksgoewerneur:** 'n Hebreuse ms word hier gevolg. Die bronteks lui “gloeiende kole”.

^l**5:14 Artasasta:** Waarskynlik die Persiese koning Artaxerxes I Longimanus, 464-24 vC. Hy was die tweede seun en opvolger van Xerxes (Ahasveros).

* **5:14 20ste ... koning:** Neh 1:1; 2:1

* **5:14 32ste jaar:** Neh 13:6

* **5:14 nie die ... geëet nie:** Vgl 2 Thess 3:8

^m**5:15 40 sikkel:** Ongeveer 0,45 kg; •Geldeenhede.

Grond het ek nie gekoop nie, en al my werkers was altyd daar by die werk saamgetrek. ¹⁷ Die Judeërs en die gesagsdraers, 'n honderd-en- vyftig man, en hulle wat uit die nasies rondom ons na ons gekom het, was by my aan tafel. ¹⁸ En dit wat vir elke dag voorberei is, een bees, ses stuks uitgesoekte kleinvee en voëls, is voorberei op my koste; en elke tiende dag was daar van alle soorte wyn in oorvloed. Ondanks dit alles het ek die voedsel wat 'n streeksgoewerneur toekom, nie geëis nie, omdat die werkslas op hierdie volk swaar was.

¹⁹ *Onthou, tot my voordeel, my God, alles wat ek vir hierdie volk gedoen het.

6

Verdere teenstand teen die bouwerk

¹ Toe die nuus Sanballat,ⁿ Tobija, Gesem die Arabier,^{*} en die res van ons vyande bereik dat ek die muur herbou het en dat daar nie meer 'n bres daarin was nie, alhoewel ek tot op daardie stadium nog nie die deure in die poorte ingesit het nie,^{*} ² het Sanballat en Gesem vir my laat weet: “Kom, laat ons byeenkom by Kefirim in die Onovallei.*” Hulle was egter van plan om my kwaad aan te doen.

³ Ek het toe boodskappers na hulle gestuur en gesê: “Dit is 'n groot werk waarmee ek besig is; ek kan nie na julle afkom nie. Waarom moet die werk stilstaan omdat ek dit moet los en na julle afkom?” ⁴ Hulle het dieselfde boodskap vier keer vir my gestuur, en ek het hulle op dieselfde manier bly antwoord. ⁵ Toe stuur Sanballat vir die vyfde keer

*5:19 Neh 13:14,22,31; vgl 2 Kon 20:3

ⁿ6:1 Sanballat: Goewerneur van die provinsie Samaria.

*6:1 Sanballat ... Arabier: Neh 2:10; 4:7

*6:1 nog ... het nie: Neh 7:1

*6:2 Onovallei: 1 Kron 8:12

op dieselfde manier sy dienaar na my met 'n oop brief in sy hand

⁶ waarin geskryf staan:

Onder die nasies word daar vertel, en Gasmu^o bevestig dit, dat jy en die Judeërs van plan is om in opstand te kom.* Dit is waarom jy die muur herbou. En volgens hierdie berigte gaan jy hulle koning word. ⁷ Jy het selfs profete aangestel om in Jerusalem oor jou te verkondig: “Daar is 'n koning in Juda!”* Hierdie berigte gaan nou by die koning uitkom. Kom dan nou, laat ons bymekaarkom.

⁸ Ek het toe aan hom 'n boodskap gestuur en gesê: “Hierdie dinge, dit wat jy beweer, gebeur nie; intendeel — jy versin dit in jou eie hart.”

⁹ Ja, hulle almal wou ons bang maak en het gedink: Hulle hande sal slap word vir die werk, sodat hulle dit nie sal doen nie.

Daarom, maak my hande sterk, my Heer!^p

¹⁰ Ek het self na die huis van Semaja, seun van Delaja, seun van Mehetabel, gegaan. Hy was ingeperk,^q* maar het gesê:

“Ons moet by die huis van God
ontmoet,
in die tempel.

Ons moet die deure van die tempel sluit,
want hulle kom om jou dood te maak;
in die nag kom hulle
om jou dood te maak.”

^o6:6 Gasmu: 'n Ander vorm van die naam Gesem; vgl Neh 6:1.

* 6:6 jy en ... te kom: Neh 2:19; vgl Esra 4:12

* 6:7 profete ... Juda: Neh 6:12,14

^p6:9 my Heer: Die woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q6:10 ingeperk: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die persoon het moontlik 'n gelofte afgelê of was onrein en moes tuisbly.

* 6:10 Hy was ingeperk: Vgl Jer 36:5

¹¹ Ek het egter gedink: Moet iemand soos ek vlug? Wie sal, in my situasie, die tempel binnegaan sodat hy kan lewe? * Ek sal nie gaan nie!*

¹² *Ek het besef: Kyk, dit is nie God wat hom gestuur het nie; maar die profesie het hy self oor my uitgespreek. Dit is Tobija en Sanballat wat hom gehuur het. ¹³ Hy is gehuur, sodat ek uit vrees so sou optree en sonde doen. Dan sou hulle rede tot naamskending hê, sodat hulle my kon treiter.

¹⁴ *Onthou tog, my God, vir Tobija en Sanballat, oor hierdie dae van hulle, en ook Noadja, die profetes, en die res van die profete wat my wou bangmaak.

Voltooing van die muur

¹⁵ Die muur is binne twee-en-vyftig dae voltooi, op die vyf-en-twintigste dag van Elul.^r ¹⁶ Toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bang geword, en ons vyande het in hulle oë baie laag gedaal. Hulle het besef dat hierdie werk met God se bystand gedoen is.*

¹⁷ Ook in dié tyd het die hoëlui^s van Juda baie briewe na Tobija gestuur, en van Tobija af het briewe na hulle gekom. ¹⁸ Want baie mense in Juda was met 'n eed aan hom verbonde, omdat hy die skoonseun was van Sekanja, seun van Arag; en sy seun Joganan was met die dogter van Mesullam, die seun van Berekja,* getroud. ¹⁹ Ook oor

* **6:11 die tempel ... lewe:** Vgl 1 Kon 1:50-52; 2:28-29; Ps 27:5

* **6:11 Ek sal nie gaan nie:** Vgl Num 18:7

* **6:12** Neh 6:7

* **6:14** Neh 3:29

^r**6:15 Elul:** Die 6de maand, Aug/Sept; •Maande.

* **6:16 hierdie ... gedoen is:** Ps 118:23; 126:2; 127:1

^s**6:17 hoëlui:** Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

* **6:18 Mesullam ... Berekja:** Neh 3:4,30

sy goeie daad het hulle gedurig voor my gepraat, en my woorde het hulle telkens aan hom oorgedra. Tobija het briewe gestuur om my bang te maak.

7

¹ Toe die stadsmuur herbou was, het ek die poortdeure ingesit,* en die poortwagte, die sangers en die Leviete* is aangestel. ² Ek het Ganani, my broer,* saam met Gananja, die bevelvoerder van die vesting, oor Jerusalem aangestel. Hy was immers 'n betroubare man en het meer ontsag vir God gehad as die meeste mense. ³ Ek het vir hulle gesê: “Die poorte van Jerusalem mag nie oopgemaak word voordat die son warm is nie. En terwyl hulle nog wag staan, moet hulle die deure sluit en grendel. Plaas die inwoners van Jerusalem uit as wagte, elkeen op sy pos, elkeen voor sy huis.”

Registrasie van families

⁴ Die stad was groot en uitgestrek en die mense daarin was min. Die huise was nog nie herbou nie. ⁵ Ná 'n ingewing deur God gegee,^t het ek die hoëlui,^u die gesagsdraers en die volk byeengebring om geregistreer te word. Ek het afgekom op 'n geslagsregister van hulle wat eerste uit die ballingskap^v weggetrek het. Daarin staan toe geskryf:

*7:1 poortdeure ingesit: Neh 6:2

*7:1 poortwagte ... Leviete: Neh 7:43-45

*7:2 Ganani, my broer: Neh 1:2

^t7:5 Ná ... gegee: Letterlik ‘en God het dit aan my hart gegee’.

^u7:5 hoëlui: Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

^v7:5 uit die ballingskap: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

⁶ *Hier volg 'n opgawe van die mense van die provinsie^w wat van die gevange ballinge af weggetrek het, dié wat Nebukadnesar, die koning van Babel, weggevoer het, hulle wat teruggekeer het na Jerusalem en na Juda, elkeen na sy dorp, ⁷ dié wat saam met Serubbabel, Jesua, Nehemia, Asarja, Raämja, Nagamani, Mordegai, Bilsan, Mispar, Bigwai, Negum en Baäna gekom het.

Die getal mans van die volk Israel^x was soos volg:

⁸ Die nageslag van Paros — tweeduisend eenhonderd twee-en-sewentig; afstammeling van Paros

⁹ die nageslag van Sefatja — driehonderd twee-en-sewentig;

¹⁰ die nageslag van Arag — seshonderd twee-en-vyftig;

¹¹ die nageslag van Pagat-Moab, uit die nageslag van Jesua en Joab — tweeduisend agthonderd-en-agttien;

¹² die nageslag van Elam — eenduisend tweehonderd vier-en-vyftig;

¹³ die nageslag van Sattu — agthonderd vyf-en-veertig;

¹⁴ die nageslag van Sakkai — sewehonderd-en-sestig;

¹⁵ die nageslag van Binnui — seshonderd agt-en-veertig;

¹⁶ die nageslag van Bebai — seshonderd agt-en-twintig;

¹⁷ die nageslag van Asgad — tweeduisend driehonderd twee-en-twintig;

¹⁸ die nageslag van Adonikam — seshonderd sewe-en-sestig;

¹⁹ die nageslag van Bigwai — tweeduisend sewe-en-sestig.

²⁰ die nageslag van Adin — seshonderd vyf-en-vyftig;

²¹ die nageslag van Ater, deur Hiskia — agt-en-negentig;

²² die nageslag van Gasum — driehonderd agt-en-twintig;

***7:6-72** Esra 2:1-70

^w**7:6 die provinsie:** Dit verwys na Juda. Juda was 'n Persiese provinsie.

^x**7:7 Israel:** In *Nehemia* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor die Judeërs gaan.

- ²³ die nageslag van Besai — driehonderd vier-en-twintig;
- ²⁴ die nageslag van Garif — honderd-en-twaalf;
- ²⁵ die nageslag van Gibeon — vyf-en-negentig.
- ²⁶ Die manne van Betlehem en Netofa — honderd agt-en-tagtig;
- ²⁷ die manne van Anatot — honderd agt-en-twintig;
- ²⁸ die manne van Bet-Asmawet — twee-en-veertig;
- ²⁹ die manne van Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot — sewehonderd drie-en-veertig;
- ³⁰ die manne van Rama en Geba — seshonderd een-en-twintig;
- ³¹ die manne van Mikmas — honderd twee-en-twintig;
- ³² die manne van Bet-El en Ai — honderd drie-en-twintig;
- ³³ die manne van die ander Nebo — twee-en-vyftig.
- ³⁴ Die mense van die ander Elam — eenduisend tweehonderd vier-en-vyftig;
- ³⁵ die mense van Garim — driehonderd-en-twintig;
- ³⁶ die mense van Jerigo — driehonderd vyf-en-veertig;
- ³⁷ die mense van Lod, Gadid en Ono — sewehonderd een-en-twintig;
- ³⁸ die mense van Senaä — drieduisend negehonderd-en-dertig.
- ³⁹ Die priesters was:
Die nageslag van Jedaja, uit die familie van Jesua — negehonderd drie-en-sewentig;
- ⁴⁰ die nageslag van Immer — eenduisend twee-en-vyftig;
- ⁴¹ die nageslag van Pasgur — eenduisend tweehonderd sewe-en-veertig;
- ⁴² die nageslag van Garim — eenduisend-en-sewentien.
- ⁴³ Die Leviëte was:
Die nageslag van Jesua, uit Kadmiël, uit die nageslag van Hodauja — vier-en-sewentig.

⁴⁴ *Die sangers was:

Die nageslag van Asaf — honderd agt-en-veertig.

⁴⁵ Die poortwagte was:

Die nageslag van Sallum, Ater, Talmon, Akkub, Gatita, Sobai —
honderd agt-en-dertig.

⁴⁶ Die tempeldienaars was:

Die nageslag van Siga, Gasufa, Tabbaoth,

⁴⁷ die nageslag van Keros, Sia, Padon,

⁴⁸ die nageslag van Lebana, Gagaba, Salmai,

⁴⁹ die nageslag van Ganan, Giddel, Gagar,

⁵⁰ die nageslag van Reaja, Resin, Nekoda,

⁵¹ die nageslag van Gassam, Ussa, Paseag,

⁵² die nageslag van Besai, Meünim, Nefusim,

⁵³ die nageslag van Bakbuk, Gakufa, Gargur,

⁵⁴ die nageslag van Baslut, Megida, Garsa,

⁵⁵ die nageslag van Barkos, Sisera, Temag,

⁵⁶ en die nageslag van Nesiag en Gatifa.

⁵⁷ Die afstammeling van Salomo se dienaars was:

Die afstammeling van Sotai, Soferet, Peruda,

⁵⁸ die afstammeling van Jala, Darkon, Giddel,

⁵⁹ die afstammeling van Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim en Amon.

⁶⁰ Die tempeldienaars en die afstammeling van Salomo se dienaars was
altesaam driehonderd twee-en-negentig.

⁶¹ Die volgende is dié wat weggetrek het uit Tel-Melag, Tel-Garsa,
Kerub-Addan en Immer, maar wat nie kon aandui of hulle familie of dié
se nakomeling uit Israel was nie:

⁶² Die afstammeling van Delaja, Tobija en Nekoda — seshonderd

*7:44 Esra 2:41; Neh 11:17

twee-en-veertig.

⁶³ En van die priesters was daar:

Die afstammeling van Gobajja, Kos en Barsillai — 'n man wat uit die dogters van Barsillai, die man uit Gilead, 'n vrou geneem het, en toe na hulle vernoem is.

⁶⁴ Hierdie mense het hulle inskrywings in die geslagsregisters probeer opspoor, maar kon dit nie vind nie. Hulle is toe as •onrein vir die priesterskap verklaar. ⁶⁵ Die administrateur^y het hulle laat weet dat hulle nie van die besonder heilige gawes^z mag eet nie, totdat 'n priester aan diens kom wat die urim en tummim^a kon hanteer.

⁶⁶ Die lede van die gemeenskap was altesaam twee-en-veertigduisend driehonderd-en-sestig, ⁶⁷ afgesien van hulle slawe en hulle slavinne; dié was seweduisend driehonderd sewe-en-dertig. Hulle het ook nog tweehonderd vyf-en-veertig sangers en sangeresse gehad, ⁶⁸ ^basook vierhonderd vyf-en-dertig kamele en sesduisend sewehonderd-en-twintig donkies.

Bydraes vir die bou van die tempel

⁶⁹ Sommige van die familiehoofde het bygedra vir die werk. Die

^y7:65 **Die administrateur:** Dit verwys na Nehemia; vgl 8:9.

^z7:65 **besonder heilige gawes:** 'n Deel van die offers wat die priesters kon gebruik, maar hulle kon dit nie huis toe neem nie en moes dit in die heilige gebied by die •tempel eet; vgl Num 18:9-10.

^a7:65 **urim en tummim:** Vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borstas moes dra en wat hy moes gebruik wanneer hy oor regsake moes beslis; vgl Eks 28:30; Lev 8:8; Num 27:21.

^b7:68-72 Sommige vertalings voeg Esra 2:66 hier in as Neh 7:68, en nommer dan Neh 7:69-72 as Neh 7:70-73.

administrateur het vir die fonds eenduisend goue dragme,^c vyftig offerbakke^d en vyfhonderd-en-dertig priesterrokke gegee.⁷⁰ Ander familiehoofde het vir die boufonds twintigduisend goue dragme^e en tweeduisend tweehonderd silwermina^f gegee.⁷¹ Twintigduisend goue dragme, tweeduisend silwermina en sewe-en-sestig priesterrokke is wat die res van die volk gegee het.

⁷²Die priesters, die Leviëte, die poortwagte, die sangers, 'n deel van die volk en die tempeldienaars en al die ander Israëliëte het in hulle dorpe gaan woon.

8

Voorlesing van die Wet

¹ ^g*Met die aanbreek van die sewende maand was die Israëliëte al in hulle dorpe. ²Die hele volk het toe soos een man byeengekom op die plein voor die Waterpoort* en Esra, die skrifgeleerde,* gevra om die •boekrol te bring met die Wet van Moses wat die HERE Israel beveel het.* ³Esra, die priester, het toe op die eerste dag van die sewende maand die Wet voorgedra aan die byeenkoms, wat mans en vroue ingesluit het, elkeen wat met begrip kon luister. ⁴Hy het, vandat dit lig geword het tot

^c7:69 1 000 goue dragme: Ongeveer 8,42 kg •Geldeenhede.

^d7:69 offerbakke: Dit verwys na houers wat in die •tempel gebruik is vir •drankoffers.

^e7:70 20 000 goue dragme: Ongeveer 168,4 kg.

^f7:70 2 200 silwermina: Ongeveer 1 254 kg; •Geldeenhede.

^g8:1-18 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Neh 7:72b — 8:18.

*8:1 Esra 3:1

*8:2 Waterpoort: Neh 3:26; 8:17

*8:2 Esra, die skrifgeleerde: Esra 7:6,11-12

*8:2 Wet ... beveel het: Deut 31:10-13

die middel van die dag toe, daar voor die plein by die Waterpoort daaruit voorgelees vir die mans en vroue en dié wat kon verstaan. Die hele volk het met gespitse ore geluister na^h die boekrol met die Wet.

⁵ Esra, die skrifgeleerde, het gestaan op 'n houtverhoog wat hulle vir dié doel gemaak het. Langs hom, aan sy regterkant, het Mattitja, Sema, Anaja, Urija, Gilkija en Maäseja gestaan, en aan sy linkerkant Pedaja, Misael, Malkija, Gasum, Gasbaddana, Sagaria en Mesullam. ⁶ Esra het die boekrol voor die oë van die hele volk oopgemaak, want hy het hoër as die hele volk gestaan. Toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan. ⁷ *Esra het die HERE, die grote God, geprys en die hele volk het, met hulle hande opgehef, geantwoord: “Amen, amen!” Toe het hulle gekniel en met hulle gesigte na die grond in aanbidding gebuig voor die HERE.

⁸ Jesua, Bani, Serebja, Jamin, Akkub, Sabbetai, Hodija, Maäseja, Kelita, Asarja, Josabad, Ganan, Pelaja en die Leviëte het vir die volk die Wet verduidelik, terwyl die volk op hulle plekke bly staan het. ⁹ Hulle het uit die boekrol met die Wet van God voorgelees, terwyl hulle verduidelik. Hulle het die uitleg gegee, sodat die volk die voorlesing kon verstaan.

¹⁰ Nehemia — hy was die administrateur* — en Esra, die priester en skrifgeleerde, en die Leviëte wat besig was om vir die volk te verduidelik, het toe vir die hele volk gesê: “Hierdie dag is heilig vir die HERE julle God. Moenie treur of huil nie!” Ja, die hele volk het gehuil toe

^h8:4 Die hele ... na: Letterlik ‘die ore van die hele volk was by’.

*8:7 Neh 5:13

*8:10 Nehemia ... administrateur: Neh 5:14

hulle die woorde van die Wet hoor. ¹¹ Esraⁱ het vir hulle gesê: “Gaan eet feestelike kos en drink soet drank. Deel ook uit aan hulle vir wie niks voorberei is nie, want hierdie dag is heilig vir ons Heer. Moenie neerslagtig wees nie, want die vreugde van die HERE, dit is julle toevlug.”* ¹² Die Leviete het die hele volk gemaan om stil te wees en gesê: “Wees stil, want hierdie dag is heilig! Moenie neerslagtig wees nie!”

Huttefees

¹³ Toe gaan die hele volk uit om te eet en te drink en om uit te deel, en om met groot vreugde fees te vier, want hulle het die woorde verstaan wat aan hulle bekend gemaak is.*

¹⁴ Op die tweede dag het die familiehoofde van die hele volk, die priesters en die Leviete, by Esra, die skrifgeleerde, byeengekom om insig te kry in die woorde van die Wet. ¹⁵ *Hulle ontdek toe, opgeteken in die Wet wat die HERE by monde van Moses beveel het, dat die Israëliete in hutte moet woon tydens die fees in die sewende maand, ¹⁶ en dat hulle in al hulle dorpe en in Jerusalem die volgende boodskap bekend moet maak* en versprei: “Gaan uit na die berge, en bring takke van olyfbome, wilde-olyfhoutbome,^j mirtebome, dadelpalms en die takke van welig groeiende bome, om hutte te maak, soos daar geskryf staan.”

¹⁷ Die volk het toe uitgegaan, dit ingebring en vir hulleself hutte gemaak, elkeen op sy dak, in hulle binnehowe of in die voorhowe van die huis van

ⁱ8:11 Esra: Die bronteks lui “hy”. Sommige verstaan dit as 'n verwysing na Nehemia.

*8:11 Gaan ... toevlug: Vgl Est 9:19,22

*8:13 die woorde ... gemaak is: Neh 8:7-9

*8:15 Lev 23:33-36,39-43

*8:16 in al ... maak: Lev 23:4

^j8:16 wilde-olyfhoutbome: Dit verwys waarskynlik na die aleppo-den.

God, en ook op die plein by die Waterpoort* en die plein by die Efraimspoort.* ¹⁸ Die hele geloofsgemeenskap, dié wat teruggekeer het uit die ballingskap, het hutte gemaak en in die hutte gewoon. Ja, sedert die dae van Josua,^{k*} seun van Nun, tot op daardie dag het die Israeliete dit nog nooit so gedoen nie.* Daar was baie groot vreugde. ¹⁹ Esra het dag vir dag, van die eerste tot die laaste dag toe, voorgelees uit die boekrol met die Wet van God. Hulle het sewe dae lank fees gevier,* en op die agtste dag was daar volgens voorskrif 'n gewyde rusdag.

9

Boetedoening

¹ Op die vier-en-twintigste dag van hierdie maand^l het die Israeliete byeengekom, terwyl hulle vas in rouklere,^m en met grond op hulle koppe.ⁿ ² *Die nageslag van Israel^o het hulle afgesonder van al die uitlanders.* Hulle het gestaan en belydenis gedoen van hulle sondes en

*8:17 Waterpoort: 8:2

*8:17 Efraimspoort: 2 Kon 4:13; 2 Kron 25:23; Neh 12:39

^k8:18 Josua: Die bronteks lui “Jesua”.

*8:18 Josua ... Nun: Jos 1:1

*8:18 tot ... gedoen nie: 2 Kon 23:22; 2 Kron 35:18

*8:19 Hulle ... gevier: Deut 16:13

^l9:1 hierdie maand: sewende maand; vgl Neh 8:15.

^m9:1 rouklere: As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

ⁿ9:1 grond ... koppe: 'n Teken van verootmoediging.

*9:2 Esra 9:1-2; 10:44

^o9:2 Israel: In *Nehemia* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor die Judeërs gaan.

*9:2 afgesonder ... uitlanders: Esra 6:21; 10:11

die sondeskuld van hulle voorouers. ³ Hulle het op hulle plekke bly staan en het vir 'n kwart van die dag uit die •boekrol met die Wet van die HERE hulle God ge lees,* en vir 'n kwart van die dag het hulle belydenis gedoen, en telkens voor die HERE hulle God in aanbidding gebuig. ⁴ Jesua, Bani, Kadmiël, Sebanja, Bunni, Serebja, Bani en Kenani het op die verhoog van die Leviete gaan staan en met harde stemme na die HERE hulle God om hulp geroep. ⁵ Die Leviete, Jesua, Kadmiël, Bani, Gasabneja, Serebja, Hodija, Sebanja en Petagja het gesê:

“Staan op! Prys die HERE julle God
van ewigheid af en vir ewig!
Laat hulle u heerlike Naam prys
wat bo elke seënspreuk en loflied
verhewe is.

⁶ U alleen is die HERE;*
dit is U wat die hemelruim,
die hoogste hemele,^p gemaak het
en al sy hemelliggame,
die aarde en alles daarop,
die see en alles daarin.*

U hou dit alles aan die lewe;
en die hemelliggame —
voor U buig hulle in aanbidding.

*9:3 Hulle ... ge lees: Vgl Neh 8:3-6

*9:6 U alleen ... HERE: Deut 6:4

^p9:6 hoogste hemele: Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

*9:6 U wat ... daarin: Eks 20:11; Ps 146:6; Hand 4:24; 14:15; Op 10:6

⁷ “U is die HERE,
die God wat vir Abram gekies het,
hom uit Ur van die Galdeërs^q gelei het,*
vir hom die naam Abraham gegee het.*
⁸ *U het sy hart getrou teenoor U bevind
en met hom die verbond gesluit
om aan hom te gee
die land van die Kanaäniete,
die Hetiete,
die Amoriëte en Feresiete,
die Jebusiete en Girgasiete,
om dit aan sy nageslag te gee.
U het u woord gestand gedoen,
want U is regverdig.

⁹ “*U het die ellende van ons voorouers
in Egipte raakgesien,
hulle noodkreet by die Rietsee^r
het U gehoor.

¹⁰ *U het tekens en wonders gedoen
by die farao,

^q**9:7 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***9:7 God ... gelei het:** Gen 11:31; 12:1

***9:7 die naam ... gegee het:** Gen 17:5

***9:8** Gen 15:18-21; Eks 13:5; 33:2; 34:11

***9:9** Eks 2:23-24

^r**9:9 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal as “Rietsee”. Die Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “•Rooisee”.

***9:10** Eks 7:8 — 12:51; Deut 26:8; Ps 105:27-36; 135:9; Hand 7:36

by al sy dienaars en die hele volk
van sy land,
want U het geweet dat hulle
vermetel optree teen u volk;^s
U het vir U 'n naam gemaak,
soos dit vandag nog is.*

¹¹ “*Die see het U voor hulle oopgekloof,
hulle het dwarsdeur die see getrek
op droë grond.
Hulle agtervolgers
het U in die dieptes gewerp,
soos 'n klip in die magtige waters.*

¹² *Met 'n wolkkolom
het U hulle bedags gelei,
met 'n vuurkolom snags,
om vir hulle die pad te verlig
waarop hulle moes gaan.

¹³ “*Op die berg Sinai^t het U
neergedaal,
met hulle uit die hemel gepraat.
U het vir hulle gepaste beslissings gegee —

^s**9:10 u volk:** Die •bronteks lui “hulle”.

***9:10 U het vir ... nog is:** Dan 9:15

***9:11 Eks 14:19-31; Jes 63:12; Ps 78:12; 136:13-15**

***9:11 Hulle agtervolgers ... waters:** Eks 15:5,10; Ps 78:13; 106:9,11

***9:12 Eks 13:21-22; 40:36-38; Num 14:14; Ps 78:14; 105:39**

***9:13-14 Eks 20:1-17; Deut 5:6-21**

^t**9:13 berg Sinai:** Eks 19:11-23; ook genoem Horeb in Eks 17:6; 33:6

betroubare wette, goeie voorskrifte
en gebooie.

¹⁴ U heilige Sabbat het U aan hulle
bekend gestel;
gebooie, vaste voorskrifte en 'n wet
het U hulle opgelê
by monde van Moses, u dienskneg.

¹⁵ “Brood uit die hemel het U
aan hulle gegee vir hulle honger;*
water uit 'n rots het U vir hulle
laat ontspring vir hulle dors.*
U het vir hulle gesê om in te gaan,
die land in besit te neem,
die land waaroor U u hand opgehef het^u
om dit aan hulle te gee.*

¹⁶ Maar hulle, ons voorouers,
was vermetel;
hulle het hulle nekke styf gemaak;
hulle was nie gehoorsaam aan u gebooie
nie.

¹⁷ Hulle het geweier om te luister;
hulle het nie u wonderdade onthou
wat U aan hulle gedoen het nie.
Hulle het hulle nekke styf gemaak

***9:15 Brood ... honger:** Eks 16:13-15; Ps 78:24; 105:40; Joh 6:31

***9:15 water ... dors:** Eks 17:6; Ps 105:41

^u**9:15 hand ... het:** Dit is 'n simboliese handeling by die aflê van 'n eed; vgl Deut 32:40.

***9:15 U het ... te gee:** Eks 3:17; Deut 9:1

en was vasbeslote om terug te keer

na hulle slawerny in Egipte.^{v*}

Maar U is 'n God wat vergewe,

U is genadig en barmhartig, geduldig,

vol troue liefde;*

U het hulle nie verlaat nie.

¹⁸ Selfs toe hulle 'n gegote kalf* gemaak

en gesê het, 'Dit is jou God

wat jou uit Egipte laat optrek het,'

en hulle hulle skuldig gemaak het

aan ernstige godslastering,

¹⁹* het U, in u groot ontferming,

hulle nie in die woestyn^w

agtergelaat nie.

^v**9:17 was ... Egipte:** Die •Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks kan ook vertaal word as “in hulle opstand 'n leier aangestel om terug te keer na hulle slawerny”.

***9:17 Hulle het geweier ... Egipte:** Num 14:1-4; Deut 1:26-33

***9:17 Maar U ... liefde:** Eks 34:6; Ps 86:15; 103:8; 145:8; Klaagl 3:22-23; Jona 4:2

***9:18 gegote kalf:** Eks 32:4

***9:19-21** Deut 2:7

^w**9:19 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

Die wolkkolom,
om hulle op die pad te lei,
het bedags nie van hulle gewyk nie,
en die vuurkolom,
om vir hulle die pad te verlig
waarop hulle moes gaan,
ook nie snags nie.*

²⁰ U goeie Gees het U gegee
om aan hulle insig te gee; *
u manna het U nie van hulle monde
weerhou nie;
en water het U vir hulle gegee
om hulle dors te les.

²¹ Veertig jaar lank het U hulle onderhou
in die woestyn;
hulle het geen gebrek gely nie;
hulle klere het nie verslyt nie,
en hulle voete het nie geswel nie.*

²² “*U het koninkryke en volke
aan hulle oorgelewer,
die grondgebied stuk vir stuk^x
onder hulle verdeel.
Hulle het die land van Sihon

*9:19 Die ... snags nie: Vgl Neh 9:12

*9:20 U goeie ... te gee: Num 11:17; Neh 9:30; Jes 63:11

*9:21 hulle het ... geswel nie: Deut 8:4

*9:22 Num 21:21-35; Deut 1:4; 2:26 — 3:11

^x9:22 stuk vir stuk: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

in besit geneem,
ook die land van die koning van Gesbon,
en die land van Og, koning van Basan.

²³ *Hulle kinders het U so talryk gemaak
soos die sterre aan die hemelruim.

U het hulle gebring na die land
wat U aan hulle voorouers beloof het
om daar in te gaan,
om dit in besit te neem.

²⁴ *Die kinders het die land binnegegaan,
dit in besit geneem.

U het die inwoners van die land,
die Kanaäniete,
voor hulle die knie laat buig.

U het hulle in hulle hand gegee,
sowel hulle konings as die volke
van die land,
om met hulle te doen net wat hulle wou.

²⁵ *Hulle het versterkte stede
en vrugbare grond verower.

Hulle het huise, vol van alles wat goed is,
in besit geneem,
ook uitgekapte opgaarputte,^y
wingerde, olyfboorde

***9:23** Gen 15:5; Deut 1:10

***9:24** Jos 11:23

***9:25** Deut 3:5; 6:10-11; 11:11-12

^y**9:25 opgaarputte:** Groot ondergrondse ruimtes wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

en talryke vrugtebome.
Hulle het geëet, versadig en vet geword;^{*}
hulle kon hulle verlustig
in u groot goedheid.

²⁶ “Maar hulle was opstandig,
het teen U in opstand gekom.
Hulle het die rug op u wet gedraai.^z
U profete, wat hulle tereggewys het
om hulle na U terug te bring,
het hulle vermoor.^{*}
Hulle het hulle skuldig gemaak
aan ernstige godslastering.

²⁷ *U het hulle oorgegee in die hand
van hulle teenstanders,
en dié het hulle in die noute gebring.
In hulle tyd van nood
het hulle na U om hulp geroep,
U self het uit die hemel gehoor.
In u groot ontferming
het U aan hulle verlossers gegee,
en dié het hulle verlos uit die hand
van hulle teenstanders.

^{*}9:25 Hulle het geëet ... geword: Deut 32:15

^z9:26 die ... gedraai: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “u wet agter hulle rug gegooi”.

^{*}9:26 U profete ... vermoor: 1 Kon 8:4; 2 Kron 24:20-21; Matt 23:37; Luk 11:47-51; Hand 7:52

^{*}9:27 Rig 2:14; 3:8-9; Ps 106:41-42; Sir 2:18

²⁸ Maar net toe daar vir hulle
rus gekom het,
het hulle weer gedoen
wat sleg is in u oë.
U het hulle in die hand
van hulle vyande gelaat,
en dié het oor hulle geheers.
Hulle het weer na U om hulp geroep,
U self het uit die hemel gehoor
en hulle in u groot ontferming
vele kere uitgered.

²⁹ U het hulle gewaarsku,
om hulle na u wet terug te bring.
Maar hulle was vermetel,
hulle het nie na u gebooie geluister nie,
en teen u bepalings het hulle gesondig,
teen dit wat 'n mens moet doen,
sodat hy daardeur kan leef.*
Hulle skouers het onversetlik gebly,
hulle nekke styf, hulle het nie geluister nie.

³⁰ “*Vir baie jare was U geduldig met
hulle,
het U hulle gewaarsku deur u Gees
by monde van u profete,
maar hulle het nie gehoor gegee nie.
U het hulle oorgegee in die hand

*9:29 u gebooie ... leef: Lev 18:5

*9:30 Esra 9:7; Jer 32:23; Dan 9

van die volke van ander lande.

³¹ In u groot ontferming
het U hulle egter nie
heeltemal vernietig nie;
U het hulle nie in die steek gelaat nie.
Ja, U is 'n genadige en barmhartige God.

³² “Daarom, ons God, groot,
magtige en ontsagwekkende God,
U wat bly by die verbond en u troue liefde,
laat dit tog nie gering wees voor U nie,
al die swaarkry wat ons ervaar het —
ons konings en leiers,
ons priesters en profete,
ons voorouers en u hele volk —
vanaf die dae van die konings van Assirië*
tot vandag toe.

³³ *U was regverdig in alles
wat oor ons gekom het,
ja, U het in trou opgetree —
ons was skuldig.

³⁴ Ons konings en leiers,
ons priesters en voorouers
het u wet nie uitgevoer nie.
Hulle het nie ag geslaan
op u gebooie en bepalings

*9:32 Klaagl 5:1-22

*9:32 die dae ... Assirië: 2 Kon 15:19,29; 17:3; Esra 4:2

*9:33 Esra 9:15; Dan 9:5-8

waarmee U hulle gewaarsku het nie.
³⁵ Hulle het, met hulle eie koninkryk,
te midde van u groot goedheid
wat U aan hulle geskenk het,
en in die wye en vrugbare land
wat U vir hulle aangebied het,
U nie gedien nie;
hulle het nie weggedraai
van hulle bose dae nie.

³⁶ “*Kyk, ons is vandag slawe;
die grond wat U aan ons voorouers
gegee het om die vrugte
en die goeie daarvan te geniet —
kyk, ons is slawe daarop.

³⁷ Die opbrengs daarvan word meer
vir die konings wat U oor ons gestel het —
en dit as gevolg van ons sondes.
Oor ons liggame heers hulle,
ook oor ons vee, soos hulle wil.
Ons verkeer in groot nood.”

Hernuwing van die verbond

³⁸ a“Op grond van dit alles gaan ons nou 'n bindende ooreenkoms sluit
en dit op skrif stel, en daarop die seël plaas met die name van ons
leiers, ons Leviete en ons priesters.”

***9:36** Esra 9:9; Joh 8:33

^a**9:38 — 10:39** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Neh
10:1-40.

10

¹ Op die verseëlde geskrif was die volgende name:

Nehemia, die administrateur, seun van Gakalja,*
Sedekia,

² Seraja, Asarja, Jeremia,

³ Pasgur, Amarja, Malkija,

⁴ Gattus, Sebanja, Malluk,

⁵ Garim, Meremot, Obadja,

⁶ Daniël, Ginneton, Barug,

⁷ Mesullam, Abia, Mijamin;

⁸ Maäsja, Bilgai en Semaja.

Dit was die priesters.

⁹ Die Leviete was:

Jesua, seun van Asanja,

Binnui uit die nageslag van Genadad,

Kadmiël.

¹⁰ Hulle stamgenote was:

Sebanja, Hodija, Kelita, Pelaja, Ganan,

¹¹ Miga, Regob, Gasabja,

¹² Sakkur, Serebja, Sebanja,

¹³ Hodija, Bani, Beninu.

¹⁴ Die hoofde van die volk was:

Paros, Pagat-Moab, Elam, Sattu, Bani,

¹⁵ Bunni, Asgad, Bebai,

¹⁶ Adonia, Bigwai, Adin,

*10:1 Nehemia ... Gakalja: Neh 1:1; 5:14

¹⁷ Ater, Hiskia, Assur,
¹⁸ Hodija, Gasum, Besai,
¹⁹ Garif, Anatot, Nebai,
²⁰ Magpias, Mesullam, Gesir,
²¹ Mesesabel, Sadok, Jaddua,
²² Pelatja, Ganan, Anaja,
²³ Hosea, Gananja, Gassub,
²⁴ Halloges, Pilga, Sobek,
²⁵ Regum, Gasabna, Maäseja,
²⁶ Agija, Ganan, Anan,
²⁷ Malluk, Garim, Baäna.

²⁸ Die res van die volk, die priesters, die Leviëte, die poortwagte, die sangers, die tempeldienaars,* en almal wat hulle van die volke van ander lande afgesonder het in navolging van die wet van God,* met hulle vroue, seuns en dogters — elkeen wat kon verstaan — ²⁹ het aangesluit by hulle eie volksgenote, die vernames onder hulle, en hulleself met 'n vervloeking en eedswering daaraan verbind^b

“om die wet van God te volg wat deur Moses, die dienskneg van God,* gegee is, om dit na te kom en om al die gebooie van die HERE, ons Heer, sy beslissings en vaste voorskrifte, uit te voer,
³⁰* en dat ons nie ons dogters aan die volke van die land sal gee nie, en hulle dogters nie vir ons seuns sal neem nie.

***10:28 priesters ... tempeldienaars:** Esra 2:36-43; Neh 7:39-60

***10:28 almal ... God:** Esra 6:21; Neh 9:2

^b**10:29 hulleself ... verbind:** Letterlik ‘ingaan in 'n vervloeking en in 'n eed’. Dit verwys na die gebruik om by 'n verbondsluiting of ooreenkoms 'n vloek oor jouself uit te spreek wat van krag sal wees as jy nie doen wat jy met 'n eed onderneem het nie.

***10:29 Moses ... God:** Deut 33:1

***10:30** Vgl Deut 7:3-4; Esra 9:1-2; 10:44; Neh 13:23-27

³¹ En die volke van die land wat hulle handelsware of enige graan op die Sabbatdag bring om te verkoop — ons sal dit nie van hulle aanvaar op die Sabbat of op 'n heilige dag nie.* En ons sal die sewende jaar die grond onbewerk laat lê* en van alle skuldinvordering afsien.

³² Ons lê onself die verpligting op om jaarliks 'n derde van 'n sikkel^c af te staan vir die diens in die huis van ons God: ³³* vir die brood, gerangskik in rye,^d vir die gereelde •graanoffer en •brandoffer op die Sabbatte, op die nuwemaansfeeste en op die vaste feestye, vir die •heilige gawes en die •reinigingsoffers om versoening te doen vir Israel,^e en vir al die take in die huis van ons God.

³⁴* Ons, die priesters, die Leviete en die volk het die lot gewerp oor die lewering van hout, om dit volgens families, na die huis van ons God te bring, jaar ná jaar, op vasgestelde tye, sodat dit op die altaar van die HERE, ons God, kan brand, soos geskryf staan in die Wet.*

³⁵* Ons onderneem^f om, jaar ná jaar, die eerste vrugte van ons grond en die eerste vrugte van elke boom, te bring na die huis van

*10:31 En die ... dag nie: Eks 23:8-11; Neh 13:15-22

*10:31 En ons ... laat lê: Eks 3:10-11; Lev 25:1-7

^c10:32 ⅓ ... sikkel: Ongeveer 3,8 g; •Geldeenhede.

*10:33 Num 28:2 — 29:39

^d10:33 brood ... rye: Dit verwys na die •vertoonbrode; vgl Lev 24:5-9.

^e10:33 Israel: In *Nehemia* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor die Judeërs gaan.

*10:34 Neh 13:31

*10:34 sodat ... Wet: Lev 6:12

*10:35 Eks 23:19

^f10:35 Ons onderneem: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

die HERE; ³⁶ * en, soos geskryf staan in die Wet, om die eersgeborenes van ons seuns en ons vee, die eersgeborenes van ons beeste en ons kleinvee, te bring na die huis van ons God, vir die priesters wat diens doen in die huis van ons God; ³⁷ en ons eerste baksel,^g ons wydingsgeskenke^h en die vrug van elke boom wat nuwe wyn en olyfolie lewer, sal ons na die vertrekke by die huis van ons God bring vir die priesters.

En die tiendes van ons grond is vir die Leviëte. Dit is hulle, die Leviëte, wat die tiendes sal insamel in al die dorpe waar ons werk. ³⁸ 'n Priester, die nakomeling van Aäron, sal by die Leviëte teenwoordig wees wanneer hulle die tiendes insamel. En die Leviëte moet 'n tiende van die tiendes* opneem na die huis van ons God, na die vertrekke van die stoorplek. ³⁹ Ja, na daardie vertrekke sal die Israëliëte en die nageslag van Levi die wydingsgeskenke van koring, nuwe wyn en olyfolie neem. Die gereedskap van die heiligdom is daar, en ook die priesters wat diens doen,* die poortwagte en die sangers.

Ons sal nie die huis van ons God verwaarloos nie.”

***10:36-39** Num 18:21,24; Deut 14:22-23

^g**10:37 baksel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “deeg”, “meel” of “growwe meel”.

^h**10:37 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

***10:38 Leviëte moet ... tiendes:** Num 18:26

***10:39 na ... doen:** Neh 13:12-13; vgl Deut 12:6,11

11

Inwoners van Jerusalem

¹ *Die leiers van die volk het hulle in Jerusalem gevestig, en die res van die volk het die lot gewerp om een uit tien gesinne te bring, sodat dié in Jerusalem, die heilige stad,* kon woon, en die nege ander in die dorpe.

² Die volk het al die mense wat gewillig was om in Jerusalem te woon, seën toegewens.

³ Hier volg die hoofde van die provinsieⁱ wat in Jerusalem gewoon het. In die dorpe van Juda het Israel,^j die priesters, die Leviete, die tempeldienaars en die nageslag van Salomo se dienaars, in hulle eie dorpe gewoon, elkeen op sy eiendom,⁴ * en in Jerusalem het sommige uit die nageslag van Juda en Benjamin gewoon.

Uit die nageslag van Juda was dit:

Ataja, seun van Ussia, seun van Sagaria, seun van Amarja, seun van Sefatja, seun van Mahalalel, uit die nageslag van Peres;

⁵ Maäseja, seun van Barug, seun van Kol-Gose, seun van Gasaja, seun van Adaja, seun van Jojarib, seun van Sagaria, seun van Siloni.

⁶ Al die nakomelinge van Peres wat in Jerusalem gewoon het, was vierhonderd agt-en-sestig bekwame manne.

⁷ Dit was die nageslag van Benjamin:

Sallu, seun van Mesullam, seun van Joëd, seun van Pedaja, seun van

* **11:1** Neh 7:4-5

* **11:1 heilige stad:** Jes 48:2; 52:1; Op 11:2; 21:2

ⁱ **11:3 die provinsie:** Dit verwys na Juda. Juda was 'n Persiese provinsie.

^j **11:3 Israel:** In *Nehemia* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor die Judeërs gaan.

* **11:4-19** 1 Kron 9:4-17

Kolaja, seun van Maäseja, seun van Itiël, seun van Jesaja, ⁸ en sy stamgenote^k Gabbai en Sallai.

Dit was negehonderd agt-en-twintig mense. ⁹ Joël, seun van Sikri, was hoofleier oor hulle, en Juda, seun van Senua, was tweede in bevel oor die stad.

¹⁰ Van die priesters was daar:

Jedaja, seun van Jojarib;

Jakin;

¹¹ Seraja, seun van Gilkija, seun van Mesullam, seun van Sadok, seun van Merajot, seun van Agitub, die hoof^l oor die huis van God, ¹² en hulle stamgenote wat die werk gedoen het by die tempel — agthonderd twee-en-twintig;

Adaja, seun van Jerogam, seun van Pelalja, seun van Amsi, seun van Sagaria, seun van Pasgur, seun van Malkija, ¹³ en sy stamgenote, die familiehoofde — tweehonderd twee-en-veertig;

Amassai, seun van Asarel, seun van Agsai, seun van Mesillemot, seun van Immer, ¹⁴ en hulle stamgenote, dapper krygers — honderd agt-en-twintig. Sabdiël, seun van Haggedolim, was 'n hoofleier oor hulle.

¹⁵ Van die Leviete was daar:

Semaja, seun van Gassub, seun van Asrikam, seun van Gasabja, seun van Bunni;

¹⁶ Sabetai en Josabad, van die hoofde van die Leviete, wat toesig gehou het oor die werk buite die huis van God;

^k**11:8 sy stamgenote:** 'n Groep mss van die •Septuagint word hier gevolg, letterlik 'sy broers'. Die •bronteks lui “ná hom”.

^l**11:11 hoof:** In Hebreeus *naghied*; gewoonlik iemand wat deur God geroep is.

¹⁷ *Mattanja, seun van Miga, seun van Sabdi, seun van Asaf, die
hoofsanger wat die lofsang by die gebed moes aanhef;
Bakbukja, die tweede in bevel onder sy ampsgenote;
Abda, seun van Sammua, seun van Galal, seun van Jedutun.

¹⁸ Die Leviete in die heilige stad was altesaam tweehonderd vier-en-
tagtig.

¹⁹ Die poortwagte was:

Akkub en Talmon en hulle ampsgenote wat in die poorte wag gehou
het — honderd twee-en-sewentig.

²⁰ *Dan was daar die res van Israel, die priesters, die Leviete, in al die
dorpe van Juda, elkeen op sy erfdeel. ²¹ Die tempeldienaars het gewoon
op die Ofel.^m Siga en Gispa was in bevel van die tempeldienaars. ²² Die
hoofleier van die Leviete in Jerusalem was Ussi, seun van Bani, seun
van Gasabja, seun van Mattanja, seun van Miga, uit die nageslag van
Asaf, wat tydens die dienswerk in die huis van God moes sing. ²³ *Daar
was immers 'n koninklike bevel in verband met hulle, 'n vaste reëling
oor die sangers se daaglikse optrede.

²⁴ Petagja, seun van Mesesabel, uit die nageslag van Serag, die seun
van Juda, het die koning bygestaan in enigiets wat op die volk
betrekking gehad het.

²⁵ Wat die gehuggies met hulle landerye betref: Van die nageslag van
Juda het in Kirjat-Arba en sy omliggende dorpies, in Dibonⁿ en sy

* **11:17** Esra 2:41; Neh 7:44

* **11:20** Neh 11:3

^m**11:21 Ofel:** Die naam van die gebied in Jerusalem waar die •tempel en
paleiskompleks voorheen gebou was.

* **11:23** 1 Kron 25:1-31

ⁿ**11:25 Dibon:** Waarskynlik dieselfde plek as Dimona in die Negev; vgl Jos 15:22.

omliggende dorpies en in Kabseël en sy gehuggies gewoon; ²⁶ ook in Jesua, Molada en Bet-Pelet, ²⁷ in Gasar-Sual en Berseba met sy omliggende dorpies, ²⁸ in Siklag en Mekona met sy omliggende dorpies, ²⁹ in En-Rimmon, Sora en Jarmut, ³⁰ in Sanoag, Adullam en hulle gehuggies, in Lagis met sy landerye en in Aseka en sy omliggende dorpies. Hulle het hulle in die gebied vanaf Berseba tot by die vallei van Hinnom gevestig.

³¹ Die nageslag van Benjamin het hulle gevestig vanaf Geba, in Mikmas, Aja en Bet-El met sy omliggende dorpies, ³² in Anatot, Nob, Ananeja, ³³ Gasor, Rama, Gittajim, ³⁴ Gadid, Seboïm, Neballat, ³⁵ Lod en Ono by Ghe-Hagarasjim.^o

³⁶ Van die afdelings van die Leviete uit Juda het in Benjamin gewoon.

12

Lyste van priesters en Leviete

¹ Die volgende is die priesters en Leviete wat saam met Serubbabel, seun van Sealtiël, en Jesua weggetrek het uit die ballingskap:*

Seraja, Jeremia, Esra,

² Amarja, Malluk, Gattus,

³ Sekanja, Regum, Merajot,

⁴ Iddo, Ginneton, Abia,

⁵ Mijamin, Maädja, Bilga,

⁶ Semaja en Jojarib, Jedaja,

⁷ Sallu, Amok, Gilkija en Jedaja.

Hierdie manne was die hoofde van die priesters en hulle stamgenote in die tyd van Jesua.

^o11:35 Ghe-Hagarasjim: Vallei van die Vakmanne.

*12:1 saam ... ballingskap: Esra 2:1-2

⁸ Die Leviëte was:

Jesua, Binnui, Kadmiël,

Serebja, Juda en Mattanja wat moes leiding neem met die dankliedere,
hy en sy ampsgenote, * ⁹ terwyl Bakbukja en Unni, hulle
ampsgenote, volgens diensafdelings teenoor hulle plekke
ingeneem het.

¹⁰ Jesua het Jojakim verwek, Jojakim het Eljasib verwek, en Eljasib vir
Jojada. ¹¹ Jojada het Jonatan verwek, en Jonatan het Jaddua verwek.

¹² In die tyd van Jojakim was die volgende priesters familiehoofde:
van Seraja se familie^p was dit Meraja;

van Jeremia, Gananja;

¹³ van Esra, Mesullam;

van Amarja, Joganan;

¹⁴ van Malluk, Jonatan;

van Sebanja, Josef;

¹⁵ van Garim, Adna;

van Merajot, Gelkai;

¹⁶ van Iddo, Sagaria;

van Ginneton, Mesullam;

¹⁷ van Abia, Sikri;

van Minjamin en Moadja, Piltai;

¹⁸ van Bilga, Sammua;

van Semaja, Jonatan;

¹⁹ van Jojarib, Mattenai;

van Jedaja, Ussi;

* **12:8 Mattanja ... ampsgenote:** Neh 11:17

^p**12:12 se familie:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word
veronderstel.

²⁰ van Sallu, Kallai;

van Amok, Eber;

²¹ van Gilkija, Gasabja;

van Jedaja, Netanel.

²² Wat die Leviete betref: In die tyd van Eljasib, Jojada, Joganan en Jaddua is die familiehoofde opgeskryf, ook dié van die priesters, tot met die regering van Darius^q die Pers. ²³ Die nageslag van Levi, die familiehoofde, is opgeskryf in die boekrol met die kronieke,^r tot in die tyd van Joganan, seun van Eljasib. ²⁴ *Die hoofde van die Leviete was Gasabja, Serebja en Jesua, seun van Kadmiël, met hulle ampsgenote wat, afdeling vir afdeling, teenoor hulle plek ingeneem het om lof- en dankliedere te sing ooreenkomstig die opdrag van Dawid, die man van God. ²⁵ Mattanja, Bakbukja, Obadja, Mesullam, Talmon en Akkub het in afdelings as poortwagte wag gehou by die voorraadkamers van die poorte. ²⁶ Hierdie manne het geleef in die tyd van Jojakim, seun van Jesua, seun van Josadak; en ook van Nehemia, die streeksgoewerneur, en Esra, die priester en skrifgeleerde.*

Inwyding van die stadsmuur

²⁷ *Met die inwyding van die stadsmuur van Jerusalem is die Leviete in al hulle woonplekke opgespoor, met die doel om hulle na Jerusalem te bring vir die vreugdevolle viering van die inwyding met dankliedere en

^q**12:22 Darius:** Darius II (424-404 vC).

^r**12:23 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na geslagsregisters van priesters, en nie na die boek *Kronieke* nie.

***12:24** Vgl 2 Kron 29:25; Esra 3:10-11

***12:26 Esra ... skrifgeleerde:** Esra 7:6; Neh 8:2-3

***12:27** 1 Kron 15:16; 2 Kron 5:13

sang, met simbale, harpe^s en liere.^t ²⁸ Die sanggroepe is byeengeroep uit die omstreke van Jerusalem en uit die gehuggies van die Netofaïete, ²⁹ uit Bet-Haggilgal en die gebied van Geba en Asmawet; want die sangers het vir hulleself gehuggies gebou om Jerusalem. ³⁰ Toe die priesters en Leviëte hulleself gereinig* het, het hulle ook die volk, die stadspoorte en die muur gereinig.

³¹ Ek het die leiers van Juda op die muur laat klim, en twee groot kore vir dankliedere opgestel. Die een koor het op die muur in 'n suidelike rigting na die Ashooppoort* beweeg.^u ³² Hulle is gevolg deur Hosaja en die helfte van die leiers van Juda, ³³ ook Asarja, Esra, Mesullam, ³⁴ Juda, Benjamin, Semaja, Jeremia, ³⁵ en van die priester-groepe met trompette:* Sagaria, seun van^v Jonatan, seun van Semaja, seun van Mattanja, seun van Miga, seun van Sakkur, seun van Asaf;^w ³⁶ en sy ampsgenote Semaja, Asarel, Milalai, Gilalai, Maäi, Netanel, Juda en Ganani, met die musiekinstrumente van Dawid,* die man van God, met Esra, die skrifgeleerde, op die voorpunt.

³⁷ Hulle is reguit oor die Fonteinpoort* en op met die trappe by die Stad

^s**12:27 harpe:** Driehoekige snaarinstrumente met 'n klankbord.

^t**12:27 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

* **12:30 priesters ... gereinig:** Neh 13:22,30

* **12:31 Ashooppoort:** Neh 2:13; 3:13

^u**12:31 beweeg:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “optogte”; vgl Neh 12:38.

* **12:35 priester-groepe met trompette:** Vgl 1 Kron 15:24

^v**12:35 seun van:** Die bronteks lui “Ben-”.

^w**12:35 Sagaria ... Asaf:** Dit is 'n ongewone lang naam wat die geslagslyn van Asaf ná Sagaria weergee.

* **12:36 musiekinstrumente van Dawid:** 1 Kron 23:5; Am 6:5

* **12:37 Fonteinpoort:** Neh 2:14; 3:15

van Dawid, met die steil deel van die muur langs, bo die huis van Dawid verby, tot by die Waterpoort aan die oostekant.

³⁸ Die tweede koor het in die teenoorgestelde rigting beweeg. Ek en die helfte van die volk het hulle op die muur gevolg, bo verby die Toring van die Oonde* tot by die Breë Muur,* ³⁹ oor die Efraimspoort,* die Jesanapoort,^x die Vispoort* en verby die Toring van Gananel* en die Toring van die Honderd,* tot by die Skaappoort.* By die Poort van die Paleiswag het hulle tot stilstand gekom.

In die tempel

⁴⁰ Daarna het die twee kore* vir dankliedere hulle plekke in die huis van God ingeneem, ook ek en die helfte van die gesagsdraers saam met my, ⁴¹ en die priesters Eljakim, Maäseja, Minjamin, Miga, Eljoënai, Sagaria en Gananja, met trompette, ⁴² asook Maäseja, Semaja, Eleasar, Ussi, Joganan, Malkija, Elam en Eser. Die sangers het toe begin sing. Jisragja was die koorleier.

⁴³ Op daardie dag het hulle vol vreugde 'n groot hoeveelheid maaltydoffers geslag, want God het vir hulle 'n rede tot groot vreugde gegee. Ook die vroue en kinders was verheug, en die vreugde in

* **12:38 Toring ... Oonde:** Neh 3:11

* **12:38 Breë Muur:** Neh 3:8

* **12:39 Efraimspoort:** 2 Kon 14:13; 2 Kron 25:23; Neh 8:17

^x**12:39 Jesanapoort:** Word ook vertaal “Oupoort”.

* **12:39 Jesanapoort:** Neh 3:6

* **12:39 Vispoort:** 2 Kron 33:14; Neh 3:3; Sef 1:10

* **12:39 Toring van Gananel:** Neh 3:1; Jer 31:38; Sag 14:10

* **12:39 Toring ... Honderd:** Neh 3:1

* **12:39 Skaappoort:** Neh 3:1; Joh 5:2

* **12:40 twee kore:** Neh 12:31

Jerusalem kon van ver af gehoor word. ⁴⁴ *Op dieselfde dag is manne as opsigters aangestel by die vertrekke wat as stoorkamers vir die wydingsgeskenke,^y die eerste opbrengs^z en die tiendes moes dien, om daarin die rantsoen wat die priesters en die Leviete volgens wet moes kry uit die landerye rondom die dorpe, byeen te bring. Juda was immers verheug oor die priesters en oor die Leviete wat diens gedoen het. * ⁴⁵ Hulle het die verpligtinge teenoor hulle God en die reinheidsvoorskrifte nagekom, ook die sangers en poortwagte, in ooreenstemming met die opdragte van Dawid en sy seun Salomo. * ⁴⁶ *Ja, van die vroegste tye af, reeds in die dae van Dawid en Asaf, was daar sangleiers en was daar lof- en dankliedere ter ere van God. ⁴⁷ Die hele Israel^a het in die tyd van Serubbabel en in die tyd van Nehemia telkens die rantsoene aan die sangers en poortwagte verskaf, volgens die behoeftes van elke dag. Hulle het ook •heilige gawes vir die Leviete gegee, en die Leviete het dit vir die seuns van Aäron gegee.*

***12:44** Neh 10:35-39; 13:5,12-13

^y**12:44 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

^z**12:44 eerste opbrengs:** Dit verwys na die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is; vgl Eks 23:16,19.

***12:44 tiendes ... gedoen het:** Vgl Neh 13:10

***12:45 opdragte ... Salomo:** 1 Kron 25:1 — 26:32; 2 Kron 8:14

***12:46** 2 Kron 29:30; 35:15

^a**12:47 Israel:** In *Nehemia* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor die Judeërs gaan.

***12:47 Hulle ... gegee:** Num 18:26; Neh 10:37-38

13

Verdere reëlings deur Nehemia

¹ *In daardie tyd is daar ten aanhore van die volk voorgelees uit die •boekrol van Moses. Daar is toe ontdek dat daarin geskryf staan dat 'n Ammoniet of 'n Moabiet tot in ewigheid nie in die byeenkoms van God mag kom nie, ² omdat hulle die Israeliete nie met brood en water tegemoetgegaan het nie, en Bileam teen Israel gehuur het om hulle te vervloek, maar dat ons God die vervloeking in 'n seën verander het.

³ Toe hulle hierdie wetsbepaling hoor, het hulle alle mense van ander afkoms uit Israel^b uitgesluit.* ⁴ Voor hierdie gebeure het Eljasib, die priester,^c wat oor die voorraadkamer van die huis van ons God aangestel is, 'n nabye familielid van Tobija,* ⁵ *vir Tobija 'n groot vertrek ingerig waar die •graanoffers, die wierook en die tempeltoerusting voorheen opgeberg was, ook die tiendes van koring, nuwe wyn en olyfolie wat regtens die Leviete, die sangers en die poortwagte toegekome het, asook die wydingsgeskenke^d vir die priesters.

***13:1-2** Deut 23:3-5

^b**13:3 Israel:** In *Nehemia* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor die Judeërs gaan.

***13:3 alle ... uitgesluit:** Vgl Neh 13:4-9,23-28

^c**13:4 Eljasib, die priester:** Dit verwys nie na Eljasib, die hoëpriester (Neh 3:1,20-21; 12:10; 13:28) nie.

***13:4 Tobija:** Neh 2:10; 6:17-19

***13:5** Neh 12:44

^d**13:5 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

⁶ Terwyl dit alles gebeur het, was ek^e nie in Jerusalem nie, want in die twee-en-dertigste regeringsjaar van Artasasta,^f die koning van Babel,^{*} het ek na die koning gegaan. Ná verloop van tyd het ek by die koning verlot gepra^{*} ⁷ en na Jerusalem gegaan. Toe ek agterkom watter kwaad Eljasib ten gunste van Tobija aangerig het deur vir hom 'n woonvertrek in te rig in die voorhove van die huis van God,^{*} ⁸ het dit my erg ontstel. Ek het al die huisraad van Tobija wat in die kamer was, buite uitgegooi ⁹ en opdrag gegee dat die vertrekke gereinig moet word. Toe het ek die toerusting van die huis van God en die graanoffers en wierook weer daar teruggeplaas.

¹⁰ * Ek het ook verneem dat die rantsoene van die Leviete nie gegee is nie, en dat hulle, die Leviete en die sangers wat moes diens doen, padgegee het, elkeen na sy grond. ¹¹ Ek het die gesagsdraers verwyt en gevra: “Waarom word die huis van God verwaarloos?” Toe het ek die Leviete byeengebring en hulle op hulle plekke laat aantree.

¹² Die hele Juda het die tiendes van koring, nuwe wyn en olyfolie na die stoorkamers gebring. ¹³ Ek het Selemja, die priester, Sadok, die skrifgeleerde, en Pedaja, een van die Leviete, oor die stoorkamers aangestel,[§] en Ganan, seun van Sakkur, seun van Mattanja, as hulle regterhand, omdat hulle betroubaar geag is. Dit was hulle taak om die

^e13:6 ek: Dit verwys na Nehemia.

^f13:6 Artasasta: Waarskynlik die Persiese koning Artaxerxes I Longimanus, 464-24 vC. Hy was die tweede seun en opvolger van Xerxes (Ahasveros).

*13:6 Babel: Gen 11:9; 2 Kron 36:20; Neh 7:6

*13:6 in die ... gevra: Neh 5:14

*13:7-8 kwaad ... God: Vgl Matt 21:12-13; Joh 2:13-16

*13:10 Vgl Deut 12:19; Neh 12:44,47

[§]13:13 aangestel: 'n Groep mss van die •Septuagint, die •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die Hebreeuse woord kan moontlik vertaal word “laat stoor”.

rantsone aan hulle ampsgenote uit te deel.

¹⁴ *Dink hieroor aan my, my God, en moet tog nie my troue liefdesdiens uitwis wat ek in die huis van my God, en vir die diensbeurte daarvan, gedoen het nie.

Onderhouding van die Sabbat

¹⁵ *In daardie tyd het ek in Juda mense gesien wat op die Sabbat druiwe uittrap in parskuipe, en graangerwe inbring wat hulle op donkies gelaai het, ook wyn, druiwe, vye en allerhande ander vragte, en dit dan in Jerusalem inbring op die Sabbatdag. Ek het hulle dadelik tereggewys oor hulle verkoop van lewensmiddele. ¹⁶ Die mense van Tirus* wat in die stad woon, het vis en allerhande koopware ingebring en dit op die Sabbat verkoop aan die Judeërs — en dit in Jerusalem!

¹⁷ Ek het die hoëlui^h van Juda verwyd, en vir hulle gevra: “Wat is hierdie bouse ding wat julle aanvang? Julle ontheilig die Sabbatdag! ¹⁸ *Het julle voorouers nie net so gemaak nie? Ons God het al hierdie onheil toe oor ons en oor hierdie stad gebring. Julle vermeerder die toorn oor Israelⁱ deur die Sabbat te ontheilig.”

¹⁹ Net toe dit voor die Sabbat donker geword het by die poorte van Jerusalem, het ek opdrag gegee, en die poortdeure is gesluit. Ek het ook opdrag gegee dat dit nie oopgemaak moes word tot ná die Sabbat nie, en van my werkers het ek by die poorte aangestel, sodat geen vrag op die Sabbatdag sou inkom nie. ²⁰ Toe het die handelaars en verkopers van allerhande koopware 'n paar keer buite Jerusalem oornag. ²¹ Ek het

***13:14** Neh 5:19

***13:15** Eks 20:8-11; Deut 5:12-15; Neh 9:14; 10:31; Jer 17:21-22; Am 8:5

***13:16 Tirus:** 2 Sam 5:11

^h**13:17 hoëlui:** Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

***13:18** Jer 17:19-27; Eseg 20:2-13

ⁱ**13:18 Israel:** Vgl voetnoot in Neh 13:2.

hulle tereggewys en vir hulle gevra: “Waarom oornag julle langs die muur? As julle dit weer doen, sal ek julle laat verwyder.”^j Van toe af het hulle nie meer op die Sabbat gekom nie. ²² Ek het toe vir die Leviëte gesê dat hulle hulleself telkens moet reinig en die poorte moet kom bewaak, om sodoende die Sabbatdag heilig te hou.

Ook hieroor, my God, moet U tog aan my dink en besorg oor my wees, ooreenkomstig die grootheid van u troue liefde.*

Huwelike met vreemde vroue

²³ Ook in daardie tyd het ek Judeërs gesien wat getroud was met vroue uit Asdod, Ammon en Moab.* ²⁴ Die helfte van hulle kinders het Asdods gepraat. Hulle was nie in staat om Judees te praat nie, maar slegs die taal van een of ander volk. ²⁵ Ek het hulle verwyd, hulle vervloek, sommige van die mans geslaan en hulle hare uitgepluk. Ek het hulle by God besweer: “Julle mag nie julle dogters aan hulle seuns gee nie, en julle mag nie van hulle dogters as vroue neem vir julle seuns of vir julleself nie.* ²⁶ Is dit nie op dieselfde wyse wat Salomo, die koning van Israel, gesondig het nie? Onder die talle nasies was daar nie 'n koning soos hy nie. Hy was die geliefde van sy God,* en God het hom oor die hele Israel koning gemaak. Maar selfs vir hom het die vreemde vroue tot sonde verlei.* ²⁷ Moet ons nou ook van julle hoor dat julle al hierdie verskriklike kwaad doen, ontrou is aan ons God deur getroud te wees

^j13:21 sal ... verwyder: Letterlik ‘sal ek 'n hand teen julle stuur’.

*13:22 Ook ... liefde: Neh 5:9

*13:23 Asdod ... Moab: Esra 9:1; Neh 4:7; 13:1

*13:25 Julle mag ... julleself nie: Deut 7:3

*13:26 Hy ... sy God: 2 Sam 12:24

*13:26 Maar ... verlei: 1 Kon 11:1-13

met vreemde vroue?”²⁸ Een van die seuns van Jojada, seun van Eljasib,^{*} die hoëpriester,^{*} was 'n skoonseun van Sanballat uit Goron.^{*} Ek het hom van my af weggejaag.

²⁹ *Onthou hulle, my God, oor die besoedeling van die priesterskap en van die verbond van die priesterskap en die Leviëte.

³⁰ Ek het die priesters en Leviëte gereinig van alles wat vreemd is. Ek het diensbeurte opgestel vir die priesters en die Leviëte, vir elkeen met die oog op sy dienswerk,³¹ en vir die lewering van hout op vasgestelde tye,^{*} en vir die lewering van die eerste vrugte.

Dink aan my, my God, tot my voordeel.^{*}

* **13:28 seuns ... Eljasib:** Neh 12:10-11

* **13:28 Eljasib, die hoëpriester:** Neh 3:1

* **13:28 Sanballat uit Goron:** Neh 2:10

* **13:29** Neh 6:14

* **13:31 lewering ... tye:** Neh 10:34

* **13:31 Dink ... voordeel:** Neh 5:19